SAGES

SENIOR GOLF-GHOLF

KOUGA

## NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING OP 22 JANUARIE 2026

**Verwelkoming**

Voorsitter heet almal welkom en William Honiball open met gebed.

**Kennisgewing van vergadering**

Kennisgewing van vergadering is by die golfklub se kennisgewingbord aangebring en aan al die lede ge-epos.

**Bywoningsregister**

29 lede het die bywoningsregister onderteken. Die register is beskikbaar op aanvraag.

**Kworum**

29 lede is teenwoordig (54%) en verteenwoordig ‘n kworum.

**Verskonings volgens bywoningsregister.**

Die lede wat verskoning aangeteken het kan elektronies stem. Dit is ‘n loodsprojek vir Sages Nasionaal. 18 lede het gekwalifiseer om te stem en 8 lede het daarna gestem.

**Goedkeuring van vorige jaarvergadering.**

Word voorgestel deur Pieter du Preez en gesekondeer deur Derek Dowd.

**Celeste Scheepers lewer die voorsitter se verslag.**

Verslag word ingelei op ‘n ligte noot vir moets en moenies vir persone bo 50.

Gedurende 2025 het Kouga Sages 600 rondtes golf vir sy lede aangebied. Daar was ‘n gemiddeld van 30 spelers per toernooi. Cecile word bedank vir haar harde werk as klubkaptein en die reelings vir al die toernooie.

Die deelname aan speler van die jaar word bespreek. Slegs 18 spelers het vasgebyt en het aan al die vereistes voldoen. Derek Dowd het die kompetisie gewen. Die ander spelers word bedank vir hul deursettingsvermoë en goeie sportmangees.

Spelers word aangemoedig om hul deelname aan hierdie jaar se kompetisie vooruit te beplan om teleurstelling te voorkom.

Die struktuur van die kompetisie gaan hierdie jaar verander.  Twee spesiale toernooie sal gespeel en aangebied word deur die Kouga Sages en sal ‘n BB formaat aaneem; die Pentagonale - en die Kaapse Streektoernooi . Die wenners van die verskillende afdelings van Kouga Sages is genoem en gelukgewens met hul prestasie.

Nuwelinge vir die jaar word genoem en verwelkom. Lede wat oorgeplaas is na ander takke word genoem. Lede wat gedurende die jaar bedank het word genoem. Daar is slegs 1 lid wie se ledegeld uitstaande is. Danie Nel is gedurende die jaar oorlede wat ‘n groot verlies vir die klub was.

Een van Sages se hoof oogmerke is liefdadigheid en ons tak het goed gedoen deur R42,000 in te samel vir die doel. Geld is verdeel tussen CANSA en Hospice. Lede word bedank vir hulle bydra.

In ons tweestryd met OP Sages het hulle ons weer oortuigend geklop. Ons sal hulle hierdie jaar weer die stryd aansê.

By SAGES se Nasionale jaarvergadering is die volgende mosies aanvaar: Die SAGES President sal mag aanbly as President as hy prosedureel verkies word. Die mosie om ‘n assistent vir die Nasionale Sekretaris aan te stel word aanvaar. Die mosie om die wentak aan te wys op grond van die dag se spel, by ‘n dinee na afloop van spel, word aanvaar.

Die Nasionale toernooi rotasie word genoem vir 2026 tot 2029. Die verkose nasionale komitee word genoem. Lede word uitgenooi om hulle name op te gee om aan die nasionale toernooi deel te neem.

Die Streektoernooi sal in St Francisbaai aangebied word. Hierdie toernooi sowel as die Pentagonaal sal deur Kouga Sages aangebied word. Lede word uitgenooi om hulle name te gee indien hulle aan die Pentagonaal wil deelneem.

Die finansies word goed hanteer en die tesourier sal terugvoer gee in hierdie verband. Die reëls en etiket van Kouga Sages word bespreek. Die voorsitter bedank die lede vir hulle deelname en samewerking.

**Finansies**

Ewald de Beer lewer sy finansiële terugvoer as tesourier.

Die formaat van die finansiële terugvoer is deur SAGES Nasionaal verander.

Die finansiële state is beskikbaar ter insae vir alle lede wat belangstel.
Totale bates vir 2025 is R47,400. Lopende Bates R32,000. Balansstaat bestaan hoofsaaklik uit kontant. Huidige laste is basies oorgedra vanaf die vorige jaar. Ons affiliasie fooie vir die jaar beloop R5040. Inkomste het gestyg van R93,600 na R136,000. Die groot drywer vir die

styging was ons fondsinsameling vir kanker. Verlede jaar het ons R30,000 ingesamel en hierdie jaar is dit op na R55,000.
Toernooi inskrywingsfooie wat ontvang is beloop R52,300 teenoor verlede jaar se R38,000. Ons uitgawes het saam met ons inkomste gegroei met die grootste impak die betaling aan CANSA (R35,000) en Hospice(R20,000).
Henry Eybers wil weet waarom daar so 'n dramatiese toename was in die bedrag wat spandeer is aan skryfbehoeftes. Ewald verduidelik dat daar sagteware aangeskaf moes word om die kwaliteit van kommunikasie wat uitgaan na lede op standard te hou en dat baie van hierdie uitgawes in die verlede deur die komitee gesubsideer is.
Daar word bevestig dat die finansiële state voldoen aan die voorgeskrewe vereistes.

Ewald bespreek die begroting en noem dat hy van twee aparte begrotings wil gebruikmaak: Een vir Kouga Sages en een vir die toernooie wat deur Kouga aangebied gaan word. 'n Tweede bankrekening vir hierdie doel word voorgestel maar die voorstel word van die hand gewys weens tegniese redes. Die veranderings op die begroting van die vorige jaar is minimaal.

**Uittredende sekretaris se afskeid.**

Gerrie Erasmus spreek die vergadering toe oor die opkomende Pentagonaal. Hy verduidelik dat reelings goed op dreef is en dat vrywilligers benodig word vir die dae se verrigtinge. Hy sal optree as toernooi direkteur.

Gerrie Erasmus tree ook uit as Sekretaris van die tak en hy bedank die lede en die komitee vir hulle ondersteuning en wens hulle sterkte toe vir die toekoms.

**Jaarprogram**

Cecile van Rie spreek die vergadering toe aangaande 2026 se jaarprogram. Sy verduidelik dat daar 23 toernooie vir die jaar beplan word wat op bane in die Kouga, Koukamma sowel as Port Elizabeth beslis sal word. Daar sal individuele kompetisies en Beterballe wees met ook 'n pretdag hier en daar om dinge prettig te hou.

**Vervolgens is die vier mosies hanteer.**

**Mosie 1**

'n Mosie is ontvang dat lede wat nie die jaarvergadering in persoon kan bywoon nie die geleentheid moet kry om aanlyn of virtueel te kan stem. Hierdie mosie is geskrap omdat virtuele stemme wel toegelaat gaan word wanneer gestem word.

**Mosie 2**

**'**n Mosie is ontvang van lede wat versoek dat slegs 50% van aangewese wedstryde moet tel vir speler van die jaar. Die huidige drumpel is 60%. Daar is verlede jaar ook hieroor gestem en lede voel dat wat ookal die uitslag van die mosie is, dit vir die volgende paar jaar moet

geld aangesien dit herhaling is. Die lede het gestem oor die mosie en dit het nie geslaag nie. 60% van aangewese wedstryde sal steeds tel vir Speler van die Jaar.

**Mosie 3**

'n Mosie is ontvang van lede wat versoek dat deelname aan die klubkampieonskappe nie verpligtend moet wees om te kwalifiseer vir Speler van die Jaar nie. Die vergadering het die mosie bespreek. Sommige lede is van mening dat die klubkampioenskappe nie verpligtend moet wees nie, maar dat lede wat wel deelneem bevoordeel moet word wanneer die berekeninge gedoen word. Hierdie idee sal in die toekoms oorweeg word. Die vergadering het gestem oor die mosie en dit is aanvaar. Deelname aan die klubkampioenskappe sal voortaan nie verpligtend wees vir kwalifisering vir Speler van die Jaar nie.

**Mosie 4**

'n Mosie is van die lede ontvang wat versoek dat deelnemers tydens BB kompetisies hul spelmaat wil kan kies. Hierdie mosie is deur die vergadering bespreek met sommige lede wat praktiese oorwegings uitlig oor waarom hulle graag saam met sekere spelmaats wil speel, soos bv. gesamentelike besit van golfkarretjie. Daar is gestem oor die mosie en dit is aanvaar. Voortaan sal spelers toegelaat word om hul spelmaats te kies tydens Beterbal kompetisies alleenlik. Dit word egter op rekord geplaas dat die uitslae van hierdie kompetisies nie in aanmerking geneem sal word vir Speler van die Jaar nie.

**Nominasie vir Sekretaris.**

Gerrie Erasmus tree uit as Sekretaris en Wynand du Plessis word voorgestel deur die komitee om op te tree as nuwe sekretaris. Die nominasie is met Wynand bespreek, hy het die nominasie aanvaar en die nominasie word voorgelê aan die vergadering. Daar is nie enige ander nominasie nie en Wynand du Plessis word onbestrede deur die vergadering aanvaar.

**Prysuitdeling**

Die wenners vir die dag se spel word aangekondig en gelukgewens met hul goeie spel.

**Afsluiting**

Die voorsitter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname aan die dag se verrigtinge.

**SEKRETARIS**
**KOUGA SAGES**